

## Gereformeerde Kerk Bellville – 6 November 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 38:1, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.  
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 1 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
- 7 Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Loflied: Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 5:1, 2 (p. 18)

- 1 O HEER, neem my gebed ter ore! / Kan ek die klare woord nie spreek –  
U weet wat in my woel en smeek; / my sugte, as spraak nog ongebore, / is nie verlore.
- 2 Ek roep om hulp, ek is onmagtig, / die vleuels van my siel geknot.  
Maar U, my Koning en my God, / wees U my, arme, tog gedagtig, / en reddingskragtig.

**Skriflesing:** Romeine 3:19-31; Heidelbergse Kategismus, Sondag 4:11

**Kernvers:** Romeine 3:25-26

**Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.**  
(Romeine 3:25-26 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?**

*Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.*

*(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.*

**Tema:** Paaie wat nie by die genade van God uitkom nie  
(3) Barmhartigheid sonder geregtigheid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons kom vanaand by die laaste uitweg wat die sondaarmens nog probeer om vry te kom van die toorn van God en weer deur Hom in genade aangeneem te word. Sonder om te veel uit die vorige gesprekke tussen ons vraagsteller en die gelowige te herhaal moet ons ter wille van duidelikheid net weer terugkyk op hoe die gesprek tot dusver verloop het.

Die vraagsteller is iemand wat nuuskierig is oor die troos waarin die gelowige lewe en uiteindelik ook sal sterwe. Die vraagsteller het self nog nie deel aan hierdie troos nie, daarom vra hy die gelowige uit. Aanvanklik het die vraagsteller gedink dat hy deur sy eie goeie werke – dit is sy eie gehoorsaamheid aan die wet van God – deur God in genade aangeneem sal word. Maar toe hy die gelowige se antwoord gehoor het, het hy gesien daardie pad is gesluit.

Sy volgende taktiek was om onskuldig te probeer pleit, want hy het gedink dat God die mens so verkeerd en sondig geskep het. Die gelowige het egter vir hom uit die Bybel aangetoon dat God nie die skuld kan dra vir die sondige geaardheid van die mens nie. Elke mens dra self die skuld daarvoor.

Aan die einde van Sondag 3 het die vraagsteller tot die besef gekom dat hy ook 'n sondaar is en skuldig staan voor die heilige God. Maar omdat hy nie kans sien om volledig die skuld te dra nie, probeer hy nog ander paaie. Hy het probeer pleit dat hy onbekwaam is weens sy sonde om aan die eis van God se wet te voldoen. En as die Here dan volhou om gehoor-saamheid van hom te eis, is God mos nie regverdig nie. Die gelowige het die vraagsteller maar net weer teruggebring na die Skrif sodat hy self kon sien dat God die mens bekwaam geskape het. Die mens het homself onbekwaam gemaak.

Verlede week het die vraagsteller gedink hy kan maar net vir die Here sê hy is jammer en belowe dat hy nooit weer sonde sal doen nie. Dit sal genoeg wees dat die Here hom in sy liefde en genade sal toevou. Die gelowige het die vraagsteller daarop gewys dat die Here nie sommer net so die sonde kan of sal oorsien of verskoon nie. Inteendeel, God wil die sonde tydelik en ewig met 'n regverdige oordeel straf.

Hierdie laaste antwoord het die vraagsteller nou heeltmaal in 'n hoek waaruit hy nie self kan kom nie. Al die paaie wat hy gedink het hy self kan bewandel is gesluit. Wanneer hy sy volgende vraag vra, hoor 'n mens die onsekerheid in sy stem. Hy weet hy is skuldig en wil so amper erken dat hy niks self aan sy skuld kan doen nie. Maar net voordat hy sy hardkoppige stryd gewonne gee, onthou hy iets wat hy nog gehoor of gelees het van die Here. Die vraagsteller was in 'n stadium op 'n plek waar daar oor die liefde en barmhartigheid van God gepreek is. Hy onthou nie alles van die preek nie, maar daardie een woord het hy onthou – God is barmhartig, God wil nie dat die sondaar as gevolg van sy sonde sterf nie. Daarom waag hy tog nog 'n vraag: Maar **is God nie ook barmhartig nie?**

In die manier waarop hy die vraag stel, hoor 'n mens dat hy tot die besef kom dat God regverdig is om die sonde te straf. Maar hy wil tog weet of God se toorn dan so erg is dat God nie meer plek het om 'n mens jammer te kry nie.

Broers, susters en kinders, dit is 'n tipiese vraag van die mense wat oor en oor hoor dat God liefde is en dat Hy vol genade en barmhartigheid is. Dat God ook heilig en regverdig is, het hulle miskien gehoor en liewers vergeet, of hulle het dit net nog nooit gehoor nie. En

as hulle hoor hoe verskriklik God se toorn oor die sonde is en dat Hy dit wil straf met 'n regverdige oordeel, is hulle ontsteld en vra: **Is God nie ook barmhartig nie?**

God is inderdaad barmhartig. Hy sê self so vir Moses, en Moses het die opdrag gekry om neer te skryf wat die Here van Homself sê:

**HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, ...**

maar die Here hou nie daar op praat nie; Hy geen verder

**... maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag. (Eksodus 34:6-7 AFR53)**

Vir ons mense is dit moeilik om te begryp hoe God tegelykertyd barmhartig en regverdig kan wees. In mense se verduisterde verstand stry die begrippe *barmhartigheid* en *regverdigheid* teen mekaar. En omdat mense nie die twee begrippe volmaak bymekaar kan vashou nie, skei hulle dit eerder van mekaar. Daarom dink die mens dat God óf net barmhartig is óf net regverdig. Maar die Here sê dit uitdruklik in dieselfde asem – Hy is barmhartig én Hy is regverdig.

Vir die gelowige om aan hierdie vraagsteller te verduidelik hoe God tegelykertyd barmhartig en regverdig kan wees, moet hy die vraagsteller by die Woord van God bring en uiteindelik by Christus – die weg, die waarheid en die lewe tot die genade van God die Vader. Die Skrif-gedeelte waarheen die Heilige Gees ons lei, is beslis nie een van die dele wat 'n mens sommer met die eerste deurlees heeltemal begryp nie. Daarom word ons aandag eers bepaal by hierdie woorde in vers 25:

**deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God. (Romeine 3:25c AFR53)**

Die woord *versoening* aan die begin van hierdie vers laat 'n mens dadelik dink aan 'n breuk wat in 'n verhouding gekom het en heilgemaak moet word – daar moet versoening kom sodat daar weer vrede kan wees. Ons weet nou al wanneer en hoe die breuk tussen God en die mense gekom het. Daarvan lees ons in die eerste boek van die Bybel. Die feit dat God verskriklik vertoorn is oor die sonde wat die mens het en wat hy gedoen het, is nie 'n verrassing nie. Die Here het uitdruklik vir die eerste mens gesê wat sal gebeur as hy die bevel van die Here oortree – hy sal sterf – hy sal geestelik sterf deurdat hy vervreemd raak van God en uiteindelik ook liggaamlik sterf. Die Here het hierdie oordeel oor die sonde nie net een maal uitgespreek nie. Hy herhaal dit oor en oor – die straf op die sonde is die dood. Dit is die enigste en regverdige straf op die sonde.

Kyk nou net hoe barmhartig is God teenoor die mens wat onder die regverdige oordeel van God moet sterf. Die laaste deel van vers 25 praat van die tyd voor die koms van Jesus Christus na hierdie wêreld. God het die sondes wat tevore gedoen is onder sy verdraagsaamheid ongestraf laat bly. Die vraagsteller sal die gelowige hier in die rede wil val en sê: Maar wag so 'n bietjie. God is mos regverdig en, gelowige, jy het mos gesê God wil die sonde met 'n regverdige oordeel straf. As God nou die sonde wat tevore gedoen is ongestraf laat bly het onder sy verdraagsaamheid, hoekom kan Hy nie aanhou om verdraagsaam te wees nie?

Hier moet 'n mens nou let op teenoor wat of wie God verdraagsaam was en hoekom Hy die sonde ongestraf laat bly het onder sy verdraagsaamheid. Reeds in die tuin van Eden

het God sy verdraagsaamheid teenoor die mens geopenbaar. As God net regverdig was en nie ook barmhartig nie, sou Hy die mens en sy vrou reeds in die tuin van Eden moes straf met die dood. Maar in sy barmhartigheid verdra Hy die mens en openbaar Hy ook sy regverdigheid. God het die mens en sy vrou met rokke van vel geklee om hulle naaktheid te bedek. 'n Dier of diere moes gesterf het sodat die mens se naaktheid bedek kon word. Daarmee

het God reeds aangedui hoekom Hy verdraagsaam kan bly. 'n Dier het in die plek van die mens gesterf.

Wanneer die Here dan later sy volk uit Egipte uitbring, gee Hy aan Moses duidelike voorskrifte in verband met die offers wat vir die Here aanvaarbaar sal wees. Wanneer iemand gesondig het, moet hy 'n lam sonder liggaamsgebrek aan die Here offer. Die bloed van daardie lam sal dan as versoeningsoffer vir die sondaar dien. Die dier het dan in die plek van die sondaar gesterf. Die sondaar het dan sy sonde voor die Here bely, die lam geoffer en God het sy sonde vergewe. Maar die sonde is nog nie regtig gestraf nie, want die sondaar lewe nog.

Daar is egter nie net een maal in die vroeë tyd een offer gebring vir die sonde van die sondaars nie. Elke jaar is daar op die groot versoendag geoffer sodat God die sondes van die volk kon vergewe en daar vrede kon wees tussen God en sy mense. Maar die Here laat dit duidelik hoor in die boek Hebreërs:

**In dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes; want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.** (Hebreërs 10:3-4 AFR53)

Deur die bloed van die diere het daar versoening gekom tussen God en die sondaar en die sondaar het vergifnis ontvang, maar die sonde is nie gestraf nie. Onder sy verdraagsaamheid het God die sonde vir eers eenkant gesit. Daarmee sou Hy later afreken, maar voorlopig het daar versoening gekom en is die sondaar vergewe.

Met die voorskrif dat die offers jaar na jaar gebring moes word, het die Here dit al in die vroeë tyd bekend gemaak dat die bloed van diere nie sonde kan wegneem nie. Hierdie aanhoudende offers het die verlange in die mense gewek na 'n beter offer – 'n volmaakte offer wat regtig die sonde kan wegneem.

Vir eeue lank het God sy regverdigheid oor die sonde in 'n groot mate teruggehou. Ons sê in 'n groot mate, want daar is geleenthede, soos Sodom en Gomorra en ander mense in Israel, wat daadwerklik met die regverdige oordeel van God gestraf is en hulle het gesterf. Die regverdige oordeel van God waarmee Hy sondaars al so deur die geskiedenis heen gestraf het, is vir die mense 'n herinnering dat die Here steeds regverdig is en regverdig sal oordeel. Hy is barmhartig, want Hy laat die sonde wat tevore gedoen is onder sy verdraagsaamheid ongestraf bly. Terselfdertyd herinner Hy die mens met sy oordele dat sy barmhartigheid nie sy geregtigheid verdring nie.

Uiteindelik, op die tyd deur God self bepaal, is Jesus Christus die Seun van God gebore. Nou skryf die Heilige Gees dit so:

**Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, ...**  
(Romeine 3:25a AFR53)

In die openbaar het God sy Seun op Golgota voorgestel as 'n versoening vir die sonde. Maar nou moet mens oplet dat God sy Seun nie net voorgestel het in die sin dat Hy Hom maar net aan die mense bekend gestel het nie. Hy het Hom voorgestel in sy bloed. In die verskriklike dood wat Jesus gesterf en sy lewe afgelê het, het God geopenbaar dat Jesus Christus die versoening vir sondaars is.

Maar nou frons die vraagsteller. Hy verstaan nie hoekom juis Jesus die versoening vir sondaars is nie. Daarom moet die gelowige hom daarop wys dat Paulus spesifiek die Naam *Jesus* in ons kernverse gebruik. Met hierdie Naam word Jesus se mensheid beklemtoon. Dit is die Naam waarmee die Seun van God bekend was onder die volk. As mens kan Jesus sterf – sy bloed kan gestort word. Boonop is Hy as die Seun van God ook nog heilig. Hy dra nie die besmetting van die sonde in Hom nie. Dus is Hy werklik iemand sonder enige gebreke of tekortkomings. Kyk nou net watter barmhartigheid openbaar die Here. In plaas daarvan dat mense met die dood gestraf word vir hulle sonde teen God, laat God die mense se sondes op sy heilige Seun afkom. Ook al daardie sondes wat tevore gedoen is en deur God eenkant gesit is, het Hy op sy Seun gelaai.

Wanneer Jesus dan aan die kruis sy bloed stort, word Hy deur sy Vader as 'n sondaar behandel. God laat sy toorn oor die sondes van die hele menslike geslag op Jesus Christus kom sodat die sondes – die wat ongestraf gelaat was sowel as die sondes van mense na Christus – die regverdige oordeel kry wat dit verdien. God reken regverdig met die sonde af in sy Seun. En al die gelowiges van die vroeë tyd se sonde is nou geheel en al weggeneem, want hulle het God geglo toe Hy vir hulle gesê het hoe hulle versoen en vergewe kan word.

En die mense van vandag, hoe kan hulle sondes weggeneem word? vra ons vraagsteller. Ook deur die bloed van Christus. Wanneer hulle glo dat Christus in hulle plek die straf op die sonde gedra het, ontvang hulle die genade van vergifnis omdat God barmhartig is. Maar sonder die regverdige oordeel wat Christus gedra het, sou vergifnis en barmhartigheid nie moontlik wees nie.

Geliefdes, ons sien dus in Christus hoe God se barmhartigheid en regverdigheid in volmaakte harmonie met mekaar is. Indien Hy die sonde nie regverdig in Christus gestraf het nie, was barmhartigheid nie moontlik nie. En God wil barmhartig wees teenoor sy mense, want dit is hoe Hy is, maar dan moet regverdigheid geskied, en dit geskied slegs wanneer daar volledig betaal word vir die sondeskuld. Barmhartigheid steun op regverdigheid en regverdigheid steun op barmhartigheid.

Om hierdie rede is die pad van goeie werke, onskuld, onbekwaamheid vir die mens gesluit om by die genade van God uit te kom. Jesus Christus is die enigste weg tot die genade van God. Wie Christus nie as Verlosser het en ken nie, sal eendag self die oordeel van God moet dra en dit sal vir ewig aanhou. Maar elkeen wat sy vertrouwe ten volle in Christus stel as sy Verlosser en hom laat regeer deur die Gees van Christus, sal die troosryke woorde hoor: Jy is vergewe.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 86:6, 8 (p. 433)

- 6    Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
      neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
      HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
      nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.
- 8    Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig  
      in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
      Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
      Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
6 November 2016